

'OM MET GOD TE STOEI' – DIE VREEMDSTE VERDUIDELIKING VAN GELOOF?

WATERKLOOFKERK; GENESIS 32; 5 AUGUSTUS 2018

Baie van Die Bybel se hoofkarakters is nie voorbeeldige mense nie! Inteendeel. Anders as by die meeste godsdienste en volke se geskiedenis is daar by die Bybelse verhale van die voorouers van ons geloof nie 'n idealisering van hoe goeie mense hulle was nie.

Die meeste van ons ken hierdie verhale van kindsaf. Ook die verhaal van Jakob wat in 'n huis grootword met 'n ma wat in vele opsigte sterker was as die pa. 'n Huis waar elke ouer sy gunstelingkind gehad het en voorgetrek het. Jakob respekteer nie sy ouer broer se eersgeboortereg wat destyds so belangrik was nie. Onder invloed van sy ma, Rebekka, bedrieg hy selfs later sy bejaarde pa en steel sy broer se seën.

Jakob moes vlug. In 'n vreemde land werk hy sewe jaar om met sy geliefde te kan trou. Sy skoonpa verneuk hom egter en gee haar suster. Hy moes nog sewe jaar werk. Jakob uitoorlê weer sy skoonpa met vee en sy vrou steel die afgodsbeeldjies van haar pa. Nou vlug hulle terug maar Esau, Jakob se broer, wag hulle in met 400 gewapende manne om sy vernedering te wreek.

Die slim maar slinkse Jakob verdeel sy familie en slawe in twee en gaan slaap alleen by die Jabbokspruit. Waarskynlik omdat die plek by die antieke mense bekend was as 'n plek met demone. Die mis en die gasse van swamme het die spruit onheilspellend vir die antieke mense gemaak. Jakob was slim genoeg om te weet niemand gaan sommer hier kom om hom dood te maak nie.

Lees Genesis 32: 22-32

'n Bekende verhaal en daarom besef ons nie meer die vreemdheid ja, spookagtigheid van die mis en die spanning van 'n moontlike oorlog tussen twee broers nie. Dalk die vreemdste van alles is - meen die kenner van

godsdienstige geskrifte, Karen Armstrong (In the Beginning) - is waarom die samestellers van die Genesisboek die verhaal hoegenaamd ingesluit het.

Dit is 'n vreemde verhaal op drie belangrike wyses: 1. Om met God te stoei, is 'n oneerbiedige beeld van God. Dat God hom sou verwerdig om met 'n bedrieër te stoei, is onvanpas. 2. Dat God as 'n mens, 'n vreemdeling, 'n man' staan daar geskrywe, sou verskyn is ongewens. Later is juis sulke aansprake as godslasterlik beskou. 3. Dit was verder onmoontlik om God te sien en te bly lewe maar Jakob maak juis hierop aanspraak: 'Ek het God van aangesig tot aangesig gesien en nie omgekom nie!'

Die aangesig-tot-aangesig sien en die stoei is nie maar bykomstighede nie maar juis die kern van die verhaal. Jakob noem die plek by die Jabbokrivier 'Pniel': gesig of aangesig van God. En die man wat met Jakob stoei noem vir Jakob 'Israel': een wat met God stryd voer/stoei.

In die vyfde-eeu voor Christus word die verhaal egter ten spyte van die probleme ingesluit by die Genesisverhale. Waarom? Twee redes: Die vroeë gelowiges het makliker as ons uiteenlopende, paradoksale en selfs teenstrydige waarhede en beelde van God aanvaar. Spreuke en Prediker is in die Bybel opgeneem. Ook Konings en Kronieke. Rut sowel as Esra en Nehemia.

Die tweede rede. Waarskynlik was die beeld van om met God te stoei net so 'n goeie beskrywing van Israel se geloofservaring.

Dit help ons baie. Al die ander Bybelbetekenisse en verduidelikinge oor wat geloof sou wees is so veilig en fatsoenlik. Ek en ek vermoed nie net ek nie moes dikwels myself afvra: Is dit net ek wat so sukkel om te glo? Is dit net ek wat so dikwels worstel oor God en dalk selfs met God?

Geloof waarin mens stoei, pas by die lewe wat soos die Britte sê meestal nie *plain sailing* is nie, maar vol stormwind. Dis 'n verligting. Danksy die beeld van stoei word 'n paar dinge van geloof duideliker:

1. God seën ons al verstaan ons nie

In die verhaal van Salomo vra hy van God wysheid en nie rykdom en eer nie. Merkwaardig. Ook hierdie storie vra op 'n manier: 'Wat kies jy?'

Dit vertel dat die geheimsinnige man Jakob nie kon onderkry nie en hy hom toe hard op die heup slaan. Jakob klou steeds vas en vra nie vir 'n wonderwerk of vir groot openbaring nie. Hy vra dat die man hom sal seën. Jakob vra eintlik dat God hom sal seën.

Hy kry 'n nuwe naam. Nie meer bedrieër Jakob nie, maar Israel: 'Een wat met God worstel, stryd voer'. Israel en sy nageslag ontvang geen finale duidelike openbaring van God nie. Hulle en ook ons ken voorlopig. Slegs ten dele skryf Paulus. Die Ou Testament getuies kry slegs flitse van sy krag en teenwoordigheid. Maar hierdie onduidelike aanraking is nietemin sterk genoeg om vir hulle seën te bring. Seën is verskillende dinge. Om lewensbetekenis te mag hê. Om krag te hê om te kan aanhou. Om met dit wat meer is as jouself te doen te hê. Om genoeg te hê om van te lewe en vir ander te kan gee. selfs om jouself. Om 'n nageslag te mag hê en onthou te word.

Na die stoei met die Vreemde loop Jakob mank-mank maar nou vir die eerste keer dapper-geseënd, sonder vrees vir sy broer wat hy so verneuk het. Israel kry nie volledige insig oor God nie maar die aanraking en worsteling met die een wat Meer is, bring ongekeerde krag vir die klein volk. Paulus sou later getuig: 'As ek swak is, is ek sterk'.

2. Ons worsteling met onself is dikwels deel van ons worsteling met God

Mens hoor dikwels iemand sê: 'Ek worstel maar met myself!'. Dan word daar bedoel dat jy met neerslagtigheid stoei, of dat jou verlede jou in 'n wurggreep het of dat skuldgevoelens jou onderkry.

Die hele verhaal is so geskrywe, dat mens kan aanvaar dat jou gestoei met jouself deel is van jou gestoei met God. (Vandag se spiritualiteitskenners sê dit van die positiewe kant af: Wanneer mens nader aan jou ware self kom, kom jy ook nader aan God.)

- Aan die begin van die hoofstuk word doelbewus vertel dat Jakob die plek Maganajim noem wat ons dalk met 'Dubbelkampplek' kan vertaal. Dis nie

net die plek van die mens nie maar ook die plek van God. So kry alles 'n dubbelaspek: God én mens.

- Wanneer Jakob bid, bid hy vir vrede met Esau maar dit is tegelyk vrede met God en vrede in homself met homself.
- In vers 20 van Hoofstuk 32 gaan dit om die woord (aan)gesig wat 4x gebruik word maar ongelukkig nie in ons vertaling gerespekteer word nie: 'Jakob het by homself gedink: Met die geskenk wat voor my gesig na hom (Esau) gaan wil ek (die kwaad van) sy aangesig afvee. Agterna sal ek sy aangesig sien en miskien sal hy my gesig (ook) optel'. In vers 30 gaan dit dan net oor Jakob wat die aangesig van God gesien het.

Subtiel word hier gesê dat die worsteling met jouself, met die aangesig van jou broer en die worsteling met God se aangesig in mekaar verstrengel is.

3. Die Bybel se waarhede kom deur worsteling

Een van die lastige misverstande van geloof is dat dit kennis is, kennis van waarhede wat soos enige ander kopkennis sou werk. As dit waar sou wees, kon mens maar so vir 'n jaar of vyf elke week na 'n Bybelpraatjie luister en dan het jy weer alles.

Maar die Bybel is nie geskryf soos 'n wetenskaplike verslag wat jy letterlik moet verstaan nie. Die Bybel praat of eerder probeer praat oor die onsienlike oor die Meer in die werklikheid wat ons verstand te bowe gaan.

Die Bybel is eerder soos 'n kunswerk met simbole waarmee jy moet worstel en tyd deurbring en wonder en vra wat sê dit nou alles vir my hart? Selfs al sou jy 'n maand weer na die kunswerk gaan, dan praat dit nie meer op dieselfde manier nie en sebeslis ook dieselfde. Gaan om ervaring en ontmoeting wat van tyd tot tyd verskil. Soos op die foto van die dogtertjie in die kunsgalery wat verbaas voor 'n moderne kunswerk staan...mens kan sien hoe stoei sy om die boodskap te probeer peil... Oor 'n paar jaar – of weke – later kom sy weer en nou verskil haar greep en die reaksie van die kunswerk...

AvN Koninkrykstyl 2018